



Disneyland toe

Name: Helen Ueckermann

Publication: Sake-Rapport freelancing for Finesse

Capacity of work: Journalist

Section won: Personal Finance: Non-financial publications

Helen Ueckermann

'N Droomvakansie na Disneyland. Jy kan al sien hoe jy en man lief hand in hand met jul twee opgewonde spruite in Orlando, Florida, deur Micky Muis, Sneeuwitjie en die sewe dwergies en die stoute Pluto vermaak word.

Dit was die vakansie van 'n leeftyd, vertel entoesiastiese vriende wat al daar was. Jy het al genoeg gehoor van die vier temaparke, twee waterparke, wonderlike temahotels en 'n fantastiese sportkompleks. Méér as genoeg van die oormaat eetplekke en ontspanningsgeleenthede om die mond te laat water en jou vandag nog reisagent toe te laat haas om te bespreek.

En dit is waar die knoop lê. Want, sal die reisagent jou na 'n paar berekenings vinnig meedeel, teen Oktober vanjaar se pryse, sal dié geleentheid van 'n leeftyd vir sewe nagte in Disneyland jou 'n netjiese R55 000 uit die sak jaag. En teen die tyd dat jy oor 'n jaar of 18 maande genoeg gespaar het om te kan gaan, sal jy nog 15% tot 20% moet byvoeg om voorsiening te maak vir prysstygings.

Sowat R65 000 se spaargeld dus om dié droom te bewaarheid – en dit sluit boonop visumkoste, reisversekering en die gesin se etes terwyl julle in Amerika is, uit.

Jou moet sak in jou skoene en jy sien hoe jou droom soos mis voor die son verdwyn. Wie kan dit vandag bekostig?

Daar is egter hoop, sê welvaartbeplanners.

Kom ons kyk na 'n gesin waar beide man en vrou in beroepe staan met 'n gesamentlike nabelaste maandelikse inkomste van sowat R30 000.

Sowat 60% van die moderne gemiddelde gesin se bestebare inkomste gaan aan skuld soos huisverbande, motorpaaiemente en ander rekenings. Dit beteken dat sowat 40% van die bestebare inkomste, naamlik sowat R12 000 per maand, oorbly om vir alledaagse lewensnoodsaaklikhede soos kos, brandstof, skoolgeld, versekering, ensomeer te betaal.

Uit dié R12 000 moet die gesin dan ook genoeg spaar om die reis na Disneyland moontlik te maak. 'n Eenvoudige som sal toon dat as die gesin oor 12 maande wil gaan, hulle sowat R5 416,00 per maand sal moet spaar. As hulle oor 18 maande wil gaan, lyk dinge effens beter en sal hulle gemiddeld R3 611 per maand moet wegsit.

Steeds nie 'n maklike doelwit om te bereik nie, maar nie heeltemal buite bereik nie. Hoe gemaak?

Om mee te begin is daar die bonusse wat julle jaarliks kry – in die meeste gevalle die ekwivalent van een maand se salaris voor belasting. Dit behoort te sorg vir 'n goeie hupstoot by die betaling van die deposito vir die reis (gewoonlik sowat 10%) en as julle beplan om oor 18 maande te gaan, sal die tweede bonus in die tydperk kan help om voorsiening te maak vir die bykomende koste soos versekering en etes.

Dit bly egter steeds vir die meeste gemiddelde gesinne 'n te groot hap om af te byt. Daar is bykomende opsies om te oorweeg:

- Jy en man lief sal weer jul maandelike huishoudelike begroting moet hersien en kyk na wat die realistiese situasie ten opsigte van jul inkomste- en uitgawepatrone is. Kyk of julle opofferings kan maak in terme van byvoorbeeld geriefsaankope en sosiale uitgawes vir uitstappies om jul doelwit te bereik.

- Gaan jul munisipale rekeninge na en maak seker dat daar nie van jou oorverhaal word met jou water- en kragverbruik nie. Beperk ook van jou kant af die koste deur ligte af te skakel en byvoorbeeld nie jou geiser die hele dag te laat werk nie. Die maatreëls kan jou tussen R100 en R200 per maand spaar.

- Julle kan, maar slegs na oorleg met julle finansiële adviseur, oorweeg om sekere premies van polisse te verminder of selfs tydelik te staak. In baie gevalle kan die premies verlaag word sonder om voordele in te boet.

- Herevalueer julle korttermynversekering (huishoudelike inhoud, motors, ens.) Dit is moontlik dat die huidige versekering dalk gegrond is op waardes wat nou oorversekering tot gevolg het en die premies kan gevolglik dalk verminder word.

- Kyk weer na jou bankkoste. Deur beter te beplan, kan 'n mens heelwat daarop spaar. Transaksies wat oor die internet gedoen word is byvoorbeeld heelwat goedkoper en het julle regtig daardie tweede, duur tjekboek nodig? Kyk ook of jy met jou bank oor die bankkoste kan onderhandel.

- Kwalifiseer julle dalk vir 'n huisverband met minder rente as wat julle tans betaal? Met onderhandeling en goeie kredietwaardigheid behoort julle rente nie meer te beloop as die prima koers minus 1,5% of minus 2% nie. In die geval van 'n 1% verlaging in die rentekoers beteken dit reeds 'n besparing van R400 per maand op 'n verband van R500 000.

- Nog steeds by die huisverband: As julle slim was en dit kon bekostig, het julle dalk nie met die afgelope twee jaar se verlaging in die rentekoers jul huispaaiement afwaarts aangepas nie en kan julle oorweeg om dit nou tydelik verlaag tot die minimum terugbetaling en die bedrag wat julle tot dusver ekstra op jul verband inbetaal het kan dan so deel word van julle Disney-spaarpoging.

- Kry die hele gesin betrokke en bedink maniere om nog ekstra geld te verdien. Julle kan saam produkte maak om by vlooiemarkte te verkoop, koek en pastei bak vir jul plaaslike tuisnywerheid, lekkergoed by die skool verkoop, in die winter trui en serpe vir ander brei. Pa kan saans ekstra boekhouding doen vir kleinsakeondernemings of as hy handig is naweke iets ekstra verdien deur herstelwerk te doen. Die keuses is legio.

Die belangrikste bly egter die dissipline om al dié geld wat deur die besparings opgelewer word iewers weg te bêre tot dit tyd is om vir jul voorgenome reis te betaal. Die veiligste plek is om bykomende betalings op jou huisverband te doen, so spaar jy sommer ook 'n stewige bedrag op die verbandrentekoers. 'n Ander opsie is om te spaar in 'n geldmarkrekening waar julle teen huidige koerse sowat 6,5% rente daarop kan verdien.

Daar is natuurlik ook die vlieg-nou-betaal-later-opsies wat jy kan oorweeg, maar dit word slegs aanbeveel as dit nie anders kan nie.

Onder dié opsies tel die volgende:

- Surplusfasiliteite in jou huisverband. As jy al 'n redelike bedrag op jou huis afbetaal het, kan jy jou reis dalk daaruit finansier. As daar nie is nie, kan jy oorweeg om jou huisverband te verhoog. Eendom se waarde het die afgelope vier jaar verdubbel en so 'n verbandverhoging behoort geredelik toegestaan te word.

- Julle kredietkaart het ook fasiliteite om uitgawes oor 12 maande te finansier.

Inligting en raad vir die skryf van die artikel is verskaf deur mnr. Lukas Scheepers, direkteur en welvaartbeplanner van Advanced Wealth Management en mnr. Johan Gouws, uitvoerende direkteur van Absa Investment Management Services van Absa.

KAN EK WERKLIK BEKOSTIG OM OP SO 'N DUUR REIS TE GAAN?

Dit is verseker 'n luukse om 'n hele gesin op enige oorsese reis te neem en dit is 'n feit dat dit min mense beskore is. 'n Mens moet egter na so 'n ekskursie kyk vanuit 'n volledige finansiële beplanningsperspektief. Hoe gaan die geld wat jy op 'n reis na Disneyland gaan bestee 'n uitwerking hê op ander belangrike aspekte van die gesinslewe waarvoor jy ook moet voorsiening maak en betaal?

Van die aspekte wat hier ter sprake is, is onder meer jou kinders se opvoeding, op skool en tersiër, asook jou en jou man se voorsiening vir jul aftrede.

As julle byvoorbeeld die R65 000 op 'n oorsese vakansie uitgee, kan dit die volgende impak op jul neseier vir aftrede hê:

As julle oor 15 jaar wil aftree, sal die R65 000 julle inkomste na aftrede in vandag se waardes met sowat R600 per maand verminder. Dit is nou as aanvaar word dat jou jaarlikse verhogings sowat 5% sal beloop en dat rentekoerse prima minus 1% sal wees; dat jou aftreegeld moet voorsiening maak vir 25 jaar na jou aftrede en dat inflasie sowat 6% per jaar sal beloop.

As jy weer die R65 000 wat jy op jou vakansie bestee het wil "opvang" om julle by aftrede in dieselfde situasie te plaas as sou julle nooit die reis onderneem het nie, sal julle vir die volgende 15 jaar sowat R500 per maand meer moet spaar as wat julle nou doen. Dié berekening geld as jy verhogings van 6% per jaar bevoeg en die opbrengskoers prima minus 1% is.

Met die nodige selfdissipline kan jy dus die agterstand wat deur die duur reis veroorsaak is, weer inhaal en in dié sin is die vakansie dan wel bekostigbaar.

-- Lucas Scheepers, direkteur en welvaartbeplanner van Advanced Wealth Management.

HOE KAN EK ELKE MAAND 'N BIETJIE GELD WEGSIT AL VERDIEN EK NIE BAIE NIE?

Enigiemand kan spaar. Die belangrikste is dat jy 'n besluit geneem het om dit te wil doen. Daarna kan jy die volgende stappe volg en teen die einde van elke maand vind dat jy 'n bedraggie het om in jou spaarvarkie te sit:

- Koop noodsaaklikhede eerste en luukses laaste
- Maak gebruik van enige voordeel wat na jou kant toe kom, soos byvoorbeeld regshulp en studiebeurse
- Begroot versigtig en beplan altyd deeglik vooruit
- Koop die beste kwaliteit vir die laagste prys
- Kyk rond en tref vergelykings tussen pryse en tariewe voor jy besluit waar jy koop of 'n diens aanvaar
- Onderhandel oor pryse en vra vir afslag, veral wanneer jy kontant betaal
- Sluit aan of begin by 'n stokvel-spaarklub

-- Suid-Afrikaanse Spaarinstuut

Help 'n polis nog?

Name: Helen Ueckermann

Publication: Sake-Rapport freelancing for Finesse

Capacity of work: Journalist

Section won: Personal Finance: Non-financial publications

GAAN DAARDIE POLIS WAARAAN JY BETAAL AAN JOU 'N NESEIER BESORG, VRA ONTNUGTERDES

DAAR is die afgelope tyd in die media gedebatteer oor of polisse nog die moeite werd is.

Hoewel rolspelers dit eens is dat die kostestruktuur van versekeraars veelte wense oorlaat, is daar hewige verskille oor veranderings wat voorgestel is in onlangse samesprekings deur die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA) en die Nasionale Tesourie. Van dié voorstelle is onder meer dat die kommissiestruktuur in die lewensversekeringsbedryf verander word ten einde poliskoste vir verbruikers te verlaag.

Een van die redes wat gedurende die debat aangevoer is waarom polisse dalk nie meer sulke gunstige beleggingsgeleenthede is nie, is juis die hoë koste van die adviseurs se kommissie, die administrasiekoste en batebestuursgelde. In sommige gevalle sluk dié koste tot 40% van beleggers se swaarverdiende geld in.

Omdat mense dikwels oningelig is, besef hulle nie dat vir elke R100 wat hulle in sulke beleggingsprodukte steek, in werklikheid slegs R60 tot hul voordeel belê word met die gevolg dat 40%, amper die helfte,

van hul "spargeld" uiteindelik in die versekeraar se sak beland pleks van in die belegger se aftree- of middeltermynspaarvarkie.

Die vraag is dus: is polisse nog die moeite werd as 'n beleggingsvoertuig vir Jan en alleman wat 'n geldjie wil wegsit?

Die antwoord is waarskynlik dat polisse kan wel die moeite werd kan wees mits die belegger betrokke is by sy belegging en nie net sake in sy adviseur se hande laat nie.

Die tegniese taal en verwarrende begrippe wat in baie polisdokumente voorkom, intimideer sommige mense tot so 'n mate dat hulle eenvoudig 'n polis as reg aanvaar en dit nooit hersien om vas te stel of dit nog tot hul voordeel strek nie.

Onkunde is egter nie langer 'n verskoning nie, sê me. Ilana Meyer, bestuurder: spesiale projekte van die beleggingsmaatskappy Allan Gray in Kaapstad.

"Raak ingelig. Dit is met jou geld wat daar gewerk word, en dus met jou finansiële toekoms. Of jy nou belê deur middel van effektrusts, 'n uitkeerpolis,

uittreenuiteit, bewaringsfonds of 'n lewende annuïteit, moet jy besef dat dié produkte net 'n sekere statutêre beleggingstruktuur verteenwoordig waardeur jou geld uiteindelik namens jou in aandele en beleggingsportefeuljes belê word," sê Ilana.

"Twee besluite moet deur elke belegger geneem word:

"- Watter produkstruktuur pas die beste by my belastingsituasie en my boedelbeplanning? Met ander woorde is die voordeel wat ek uit dié produkstruktuur gaan trek wat ek in gedagte het? Gaan dit tot my beste voordeel strek?

"- Hoe gaan my onderliggende beleggingstruktuur lyk? Dit is die belangrikste van die twee vrae want dit gaan bepaal hoe jy gaan verseker dat jy 'n sekere opbrengs kry en nie geld gaan verloor nie."

Te veel mense neem bloot net 'n polis uit sonder om hul eie navorsing te doen. Daar moet gekyk word na die polisse onderliggende belegging, met ander woorde, waar word my geld in werklikheid belê en hoe gaan ek baat vind daarby, sê Ilana.

"Stel vas met hoeveel risiko jy bereid is om mee saam te leef en wat die koste behels. Dit is jou reg om presies te weet wat jou adviseur verdien uit die raad wat hy jou gee, wat die administrasiekoste beloop en wat die batebestuursgelde is waarvoor jy uit jou premies betaal.

"Omdat min mense oor die gespesialiseerde kennis beskik om self doeltreffend te belê, is dit raadsaam om 'n kundige te raadpleeg. Voor jy egter op 'n adviseur besluit, maak seker dat hy as 'n finansiële diensteverskaffer geregistreer is by die Raad op Finansiële Dienste. Stel ook ondersoek in na die persoon se kwalifikasies: is hy of sy 'n gekwalifiseerde finansiële beplanner met 'n CFP-sertifikaat, hoe ver strek haar ondervinding en wat is haar akademiese agtergrond?" sê Ilana.

Me. Hannelie de Klerk, hoofbestuurder van Assupol Finansiële Dienste, sê versekering bly 'n baie belangrike deel van mense se spaarplanne.

"Jy moet spaar op kort-, middel- en langtermyn. Met polisse is dit egter deurslaggewend om langtermyn te

dink," sê Hannelie.

"Neem byvoorbeeld lewensdekking. Daar word soms geredeneer dat jong mense nie lewensversekering nodig het nie omdat hulle nog nie gesinne het om te versorg nie. Feit is egter dat meeste van die jong mense kort voor lank wel gesinne sal hê, en as hulle op 'n jong ouderdom reeds lewensversekering uitgeneem het, is die koste daaraan verbonde soveel minder omdat dit oor 'n langer tydperk versprei word."

As voorbeeld noem sy dat 'n jongmens van 20 jaar oud R100 000 se lewensdekking kan uitneem teen ongeveer R90 per maand. Doen jy dieselfde op ouderdom 40, sal dit jou maklik drie keer soveel kos, sê Hannelie.

"Alternatiewelik kan jy, as jy op 'n jong ouderdom ' uitkeerpolis uitneem, 20 jaar later, op 40, 'n lekker neseiertjie hê.

"Uiteindelik gaan dit oor wat jou toekomsplanne is. Jy moet beplan om dit waar te maak en 'n polis of twee kan jou dalk net help om jou drome te verwesenlik," sê Hannelie.

Siekefondse siek?

Is dit werklik nodig om lid te wees van 'n siekefonds?

Nie almal is in 'n posisie waar jy deur 'n werkgewer verplig word om aan 'n siekefonds te behoort nie en die werkgewerboonopnognoporsioneel tot die onkoste bydra nie. Sommiges van ons word daaronder gedwing om goed oor dié vraag na te dink.

Dit kan net beskryf word as die grootste nagmerrie as jy straks in 'n posisie beland waar jy mediese aandag nodig het en dit nie kan bekostig nie.

Dit is wat Etricia Kraft, 'n persoonlike assistent, oorgekom het. Een nag het sy skielik pyne in haar linkerarm gekry en later het haar vingerpunte blou begin word. Sy is die volgende oggend vroeg dokter toe waar vasgestel is dat van haar are vernou is en dat sy bloedklonte het.

Etricia moes so gou as moontlik by 'n hospitaal kom, het die dokter aanbeveel. Hoewel sy tussen twee werke was en in daardie stadium nie 'n mediese fonds gehad het nie, is sy na 'n private kliniek toe waar van haar verweg is om R9000 neer te sit voor sy selfs 'n dokter kon sien.

Panikerig is sy na die Johannesburg Algemene Hospitaal, 'n staatsinstelling.

"Ek het om half tien die oggend daar aangekom. Ek het 'n nommer gekry en moes in die ry gaan sit. Ek is eers om kwart voor tien die aand, meer as twaalf uur later, opgeneem, enersyds glo omdat daar nie genoeg beddens beskikbaar was nie, en andersyds omdat dit so 'n lang proses is om in 'n staats-hospitaal gehelp te word," onthou Etricia.

"As jou nommer uiteindelik

uitgeroep word, moet jy eers 'n algemene hospitaaldokter sien. As hy besluit jy moet wel opgeneem word, moet jy terug na ontvangs om te gaan betaal. As jy geen geld het nie, hoef jy niks te betaal nie, maar andersins op 'n glykskaal tot 'n bedrag van R460.

"Toe dié proses afgehandel was, kon ek eers opgeneem word. Ek het die hele dag in pyn en angstigheid deurgebring en daar was selfs sprake daarvan dat ek my hand sou kon verloor as dinge nie vlotter verloop nie.

"Gelukkig het alles tog goed afgeloop en was die hospitaal se diens en personeel uitstekend toe ek eers in die saal was.

"Daardie dag se wag in die ry wens ek egter niemand toe nie," sê sy.

Maar ek is te jonk, te gesond, te arm om 'n siekefonds te hê, hoor 'n mens menigmaal.

Raadgewers is egter van mening dat jy eerder wel aan 'n siekefonds moet probeer behoort as nie.

As 'n mens byvoorbeeld in jou 20's of 30's is, is die moontlikheid van 'n hartaanval of

'n beroerte die laaste ding waaraan jy dink, maar statistiek van Ou Mutual toon dat meer as 40% Suid-Afrikaners wat onder die ouderdom van 40 sterf aan kardiovaskulêre siektes gely het, sê die finansiële adviseur Richard Sparg van Netto Financial Services.

"En voor die ouderdom van 60 sal een uit elke vier mense aan kanker ly en een in elke 3 sal hartsiektes ontwikkel," sê Richard.

Sulke statistiek laat 'n mens weer dink.

hoe jy te werk moet gaan om 'n goeie mediese fonds te kies, sê mnr. Nico van Gijsen, uitvoerende direkteur van Finlac Risk & Legal Management.

"Maar bly liever weg van die goedkoop mediese planne af. Dit werk net soos daardie klein blikkies boontjies op winkelrakke. Kleiner en kwansuis goeiekoop om bejaardes wat alleen bly te help, maar boontjie vir boontjie betaal hulle eintlik heelwat meer.

"Of soos begrafnispolisse wat bedoel is om armer mense te help om daren die begrafnis van 'n geliefde te kan bekostig, maar kyk jy na die regstreekse opbrengs per rand is dit van die duurste polisse wat jy kan kry.

"Kortom: goedkoop is duur koop; ook in jou mediese behoeftes," sê Nico.

Waarna moet 'n mens dan oplet as jy 'n siekefonds kies? Om die beste fonds te kies sou jy die reëls van elke fonds moes gaan navors, 'n onbegonne taak, sê Nico. Daar is egter 'n paar aanwysers waarna jy kan oplet.

Premies: Ongelukkig kies baie mense hul siekefonds net op grond van die premie; dit wat hulle meen hulle kan bekostig. Nico meen egter dat dit 'n baie kortsigtige benadering is omdat dié premie meestal net 'n paar basiese dinge dek.

"As hulle dan die siekefonds die dag werklik nodig het om duur mediese uitgawes te dek, kom hulle agter dat hulle dalk nie behoorlik gedek is nie en dan moet hulle hul noodgedwonge tot staats-hospitale wend waar die kwaliteit van diens kwalik op

wêreldstandaard is," sê Nico.

Voordele: Te veel mense dink nog dat die dekking wat hulle kry min of meer standaard is by alle mediese fondse.

"Dit is nie so nie. Die een fonds kan byvoorbeeld onbepaalde hospitaalvoordele hê, terwyl die ander jou slegs dek vir basiese mediese sorg en verweg dat jy vir hospitalisasie na 'n staats-hospitaal moet gaan. Die voordele van fondse verskil soos dag by dag," sê Nico. Maak dus seker dat jou en jou gesin se behoeftes gedek word deur die voordele van 'n mediese fonds.

Goeie administrasie: Maak seker die fond wat jy kies het 'n bewese rekord van goeie administrasie.

Volgens mnr. Stephan van der Walt, besturende direkteur van Munimed Distribution Services, kan die keuse van 'n siekefonds bemoeilik word deur bemarkingsfoefies soos loyaliteitsprogramme met gratis fliekkaartjies en verminderde vliegkoste wat in werklikheid min waarde toevoeg tot die diens wat jy koop.

"Wanneer siekte of beserings toeslaan help dié foefies jou niks. Al wat jy dan wil hê is dat jou geliefdes of jyself 100% mediese sorg ontvang en niks meer of minder nie," sê Stephan.

'n Behoorlik geadmistrateerde fonds se sake verloop glad en verseker dat jy goeie diens kry. Jy weet 'n fonds word behoorlik geadmistrateer wanneer jy die 'n positiewe antwoord op die volgende vrae kan kry, sê Nico:

- Ontvang werkgewergroepe op 'n maandelike grondslag

bydraeskedules en fakture?

- Word die spaarkredite aan die begin van elke voordeeljaar by registrasie aan elke lid toegewys?

- Word ledesespaarrekeninge maandelike gerekonsilieer?

- Word verskuldigde bedrae saam met die eiseverslag aan lede gestuur?

- Word eise binne dertig dae betaal soos deur die wet vereis.

- Word lede gereeld in kennis gestel van die voordele wat hulle ontvang het asook die bedrae wat aan diensverskaffers betaal is, of nie betaal is nie?

WAAR KAN EK GAAN KLA AS EK ONTREVREDE IS MET DIE DIENS WAT EK VAN MY SIEKEFONDS KRY?

Dit hang af van jou klage. As jou eise bevoorbeeld nie betyds uitbetaal word nie, moet jy eers 'n klage indien by die betrokke mediese fonds self. Dit is verkieslik dat jy in so 'n geval jou klage op skrif stel, maar die meeste siekefondse het ook telefoon hulplijne wat alledaagse klages en navrae hanteer.

Dit word ook van alle siekefondse vereis om onafhanklike dispuutkomitees te hê waar lede uitspraak oor hul klages kan kry. Fondselede kan op eie stoom hul klages aan die komitee uiteensit, maar mag ook regsverteenvoerders saambring om namens hulle dié woord te doen. As die saak nie opgelos kan word nie, of as jy nie tevrede is met die komitee se beslissing nie, kan jy die klage verder verwys na die Raad vir Mediese Skemas se klage-eenheid.



Gereed vir eendag

Name: Helen Ueckermann

Publication: Sake-Rapport freelancing for Finesse Angus Begg

Capacity of work: Journalist

Section won: Personal Finance: Non-financial publications

ELKE DAG WAT VERBY GAAN SONDER OM VOORSIENING TE MAAK VIR JOU AFTREDE, IS 'N VERLORE GELEENTHEID

Deur Helen Ueckermann

DIS nie dat jy net vir vandag leef nie. Jy dink ook aan die toekoms – veral aan daardie oorsese vakansie wat jy beplan. En hoe jy jou kinders Kersfees met 'n groot geskenk wil bederf.

Maar dink jy ooit verder aan die dag wanneer jy nie meer 'n salaris gaan trek nie?

Bitter min Suid-Afrikaners is finansiële onafhanklik wanneer hulle aftree en baie bejaardes het geen ander keuse as om in hul "goue jare" hul kinders en familie in die oë te kyk vir hul lewensnoodsaaklikhede nie.

Om dié situasie te vermy is dit nodig dat jy so gou as moontlik begin plan maak. Mense leef langer en dit is baie moontlik dat jy na jou aftrede vir nog sowat dertig jaar na jouself moet omsien sonder dat jy 'n inkomste verdien.

Mnr. Mahesh Cooper, 'n sakeontleider by Allan Gray, sê twee belangrike vrae bepaal hoe goed 'n mens se aftreevoorsiening gaan wees: Wanneer moet jy begin spaar en Wat moet jy met dié spaargeld doen.

Die antwoord op die eerste vraag is kort, sê Mahesh: Hoe vroeër hoe beter. 'n Gemiddelde pensioenfondse het in Suid-Afrika met verloop van tyd 'n gemiddelde opbrengs van 5% meer as inflasie verdien.

"Sou jy elke maand 10% van jou salaris van die ouderdom van 25 jaar af opsy sit en 'n opbrengs van 5% bo inflasie behaal, sal jy teen die ouderdom van 65 jaar pensioenbates vergaar het wat maar 9,4 jaar se aftreeinkomste verteenwoordig," verduidelik Mahesh.

"Dié berekening berus op die aanname dat inflasie tydens jou loopbaan gemiddeld 6% per jaar sal wees en dat jou jaarlikse salaris met 1% meer as inflasie toeneem.

"As iemand op dieselfde grondslag eers in die ouderdom van 35 begin pensioen vergaar, sal hy teen aftrede op 65 hoogstens ses jaar se eindsalaris bymekaar gemaak het. Hy het dan in werklikheid 40% van sy pensioenbates verloor.

Die tweede vraag oor wat om met jou spaargeld te doen, word deels bepaal deur marktoestande. Die afgelope jaar se wispelturigheid in die mark het meegebring dat baie beleggers konserwatief optree. Dit kan egter riskant wees, sê Mahesh, veral as jy nog die voordeel van 'n lang beleggingstermyn voor jou het.

"Iemand van 25 wat alle verliese vir elke jaar wil vermy, mik uiteindelik na 'n laer eindopbrengs. Dit is omdat hy in bestendige, laer opbrengsbateklasse belê en meer wisselvallige hoë-opbrengsklasse vermy.

"Sou jy tussen 25 en 65 jaar 'n gemiddelde opbrengs van net 3% kry plaas van 5%, gaan jy net 6,1 jaar plaas van 9,4 jaar se eindsalaris vergaar. Dit beteken dat jy 35% minder aftreebates gebou het.

"Om dus laer opbrengs en groter veiligheid te kies as tyd aan jou kant is, kan net so riskant wees as om te laat te begin."

Mahesh sê op langtermyn behaal pensioenfondse in die boonste kwart van die mark opbrengste wat 10% meer as inflasie is. As iemand op 25 jaar begin spaar, beteken dié soort opbrengs dat hy sal kan aftree met 30,9 jaar se eindsalaris.

Mnr. Andrew Davison, finansiële adviseur van Glenrand MIB Benefit Services, sê dit is nie altyd maklik om die regte beleggingsprodukt te kies nie want daar is nie 'n algehele "wenner" op alle terreine nie.

"Daar is egter 'n paar oorwegings waaraan 'n mens behoort aandag te gee," sê Andrew:

- Belasting: Dit kan spaargeld op drie maniere raak. Bydraes vir pensioen kan van belasbare inkomste aftrekbaar wees; die opbrengs van 'n belegging kan belas word; en belasting kan op verskillende maniere gehef word op die uitbetaalde opbrengs.
- Buigsamheid: Jou behoeftes sal tydens jou loopbaan verander. Maak dus seker dat die beleggingsinstrument wat jy vir aftrede kies, daarby kan aanpas. Maak die produk byvoorbeeld voorsiening vir die verskaffing van kontant in 'n noodgeval, en wat is die beperkings op jou toegang tot die kapitaal na jou aftrede?
- Groei: Belegging vir aftrede is 'n langtermynprojek en behoort gesteun te word deur 'n strategie vir langtermyn groei. Om bloot kontant te spaar is die verkeerde benadering – dit halveer elke sewe jaar in waarde. Die onderliggende beleggingstrategie behoort 'n verspreide portefeulje van aandele, effekte, eiendom en kontant in te sluit.
- Koste: Die koste verbonde aan 'n beleggingsinstrument kan 'n merkbare uitwerking op die uiteindelijke opbrengs hê, sê Andrew. Kyk dus wat jou aanvanklike kosteheffings soos kommissie, produkkoste en betalings aan batebestuurders beloop, en stel vas wat die jaarlikse koste verbonde aan die produk is.
- Deursigtigheid: Jy behoort ingevolge huidige wetgewing al die bogenoemde kenmerke van elke produk te kan ondersoek. As die inligting nie geredelik verskaf word nie, is dit jou reg om daarvoor te vra, sê Andrew.

WAT IS DIE SLAGGATE WAARNA EK MOET UITKYK?

Wanneer raadgevers waarsku dat die meerderheid mense nie voldoende voorsiening vir hul aftrede maak nie, is dit nie sommer net 'n bangmaak storie nie. Hierdie waarskuwings is gegrond op jare lange navorsing.

Dit wys dat een uit elke 100 Suid-Afrikaners wat begin werk, die prentjie op aftree-ouderdom 65 min of meer soos volg sal lyk: 49 sal van die staat afhanklik wees, 29 sal reeds oorlede wees, 12 sal bankrot wees, 5 sal steeds werk, 4 sal gerieflik kan aftree en 'n skamele 1 sal welaf wees.

Die grootste blapse wat mense maak, is om:

- Onrealistiese verwagtings te koester. Hul inkomste na aftrede is normaalweg laer as wat verwag is, terwyl die uitwerking van inflasie nie behoorlik in ag geneem is nie. En hul uitgawes by aftrede het ook nie gedaal soos wat gehoop is nie . . .
- Nie genoeg voorsiening te maak nie. Mense het die wanpersepsie dat hul werkgever se aftreefondse voldoende sal wees. Skuld by aftrede word ook nie in ag geneem nie. En hulle vergeet dat hul mediese koste later in hul lewe aansienlik hoër gaan wees. Daarby word die uitwerking van belasting by aftrede dikwels geïgnoreer.
- Nie vroeëtydig te beplan nie. Mense flous hulself wanneer hulle sê: "Ek is nog jonk; daar is nog baie tyd voor aftrede". Die ander gunstelingverskoning is: "Ek sal later begin, wanneer ek dit kan bekostig". Maar onthou, tyd is geld!
- Verkeerde opsies uit te oefen. Te veel word in een bateklas of instrument belê (byvoorbeeld net in eiendom). En mense wat van werk verwissel is geneig om die geld te gebruik wat in hul pensioenplan opgebou het in plaas daarvan om dit te herbelê.
- Die veranderende omgewing te ignoreer. Vandag tree al hoe meer mense vroeër af, dikwels nie uit eie keuse nie. Hulle moet dan vir 'n lang tydperk hul eie betaalmeester wees!

-- Hannelie de Klerk, hoofbestuurder van Assupol Finansiële Dienste in Pretoria



Krediet-balans (Toertjie)

Name: Helen Ueckermann

Publication: Freelancing for Finesse

Capacity of work: Journalist

Section won: Personal Finance: Non-financial publications

Finesse: Jou Geld: Desember 2005

DIT is weer die tyd van die jaar vir inkopies doen en geskenke koop. En hoe nou makliker gemaak as om net jou kredietkaart deur die masjien te trek. Dis klinies, skoon, jy sien nie hoe jou bankbalans sak nie en jou gewete pla jou net effens. Daar is net te veel dinge wat jy nou moet koop, Kersfees is om die draai en enige kredietkaartprobleme kan mos in die nuwe jaar opgelos word as een van jou vele nuwejaarsvoornemens . . .

In die bestuur van jou kredietkaart is dissipline egter die wagwoord. Dié kaart is nie maar net daar as 'n aanmoediging om aan die koop te gaan nie. Ongelukkig is die voordele van 'n kredietkaart ook die nadele daarvan as jy nie jou kooplus kan beheer nie.

Internetinkopies, die gerief van besprekings oor die telefoon en die gevare verbonde aan die dra van kontant is alles goeie redes om eerder 'n kredietkaart te gebruik.

Vir die meeste mense bly die grootste aantrekking egter die kredietgerief en die buigbare terugbetalingsopsies. Feit is dat slegs sowat 30% van kredietkaarthouers hul uitstaande balans elke maand ten volle afbetaal, terwyl tussen 60% en 70% van die wentelkredietgerief gebruik maak wat inhou dat die volle bedrag nie terugbetaal word nie.

Nie net word 'n mens se uitstaande bedrag van die een maand na die ander oorgedra nie, maar jy gee elke maand nog meer uit. Die uitstaande balans groei en so ook die rente daarop. Dié wat nie versigtig is nie, kan baie maklik in 'n skuldstrik verstrengel raak.

Dit gebeur net te dikwels dat mense se oortrokke fasiliteite net so veel of meer beloop as hul spaargeld vir noodgevalle

As 'n mens 'n kredietkaart oordeelkundig gebruik, bou jy 'n gesonde kredietgeskiedenis op wat jou in die toekoms weer in staat kan stel om makliker krediet te bekom, soos finansiering vir 'n huis of 'n motor.

Oordeelkundige gebruik kan, aan die ander kant, vir die eienaar van 'n kredietkaart voordele van duisende rande per jaar beteken, selfs tot R10 000 per jaar, toon navorsing wat gedoen is deur Razor's Edge Intelligence in hul verslag Value in Credit Cards 2005.

Houers van platinumkaarte kan byvoorbeeld volgens die verslag bykomende voordele van tot R10 000 per jaar ontvang in die vorm van rentevrye krediet, gratis reisversekering, punte wat op lojaliteitsprogramme verdien word, die opbou van vliegmyle, belonings wat voortspruit uit lojaliteitsprogramme en kortings op produkte by uitgesoekte handelaars.

Om dié voordele van 'n kredietkaart te geniet, beteken oordeelkundige beplanning en gebruik soos om te sorg dat jy betyds afbetaal sodat jy geen rentekoste het nie en seker te maak waar jy moet koop om kortings, lojaliteitspunte en belonings te kan verdien.

Goeie kredietbestuur beteken dat jy jousef sekere vrae moet afvra, sê die kredietkaartorganisasie Visa:

- Bestee ek deurlopend meer as wat ek verdien?
- Is dit werklik nodig dat ek van dag tot dag aankope op krediet doen?
- As ek vandag my inkomste verloor, hoe diep sal ek in die knyp wees vir die volgende paar maande?
- Begroot ek genoegsaam om seker te maak dat ek nie in skuld verval nie?

Dit is belangrik om oor die vrae te besin omdat die meeste banke, groot kleinhandelaars en kettinggroepe van 'n kredietpuntstelsel gebruik maak. Hulle hou dus dop hoe jy jou gedra op die kredietfront.

Faktore wat in ag geneem word om jou kredietpunt te bereken, sluit onder meer in die aantal rekenings wat jy het, die uitstaande skuld op hierdie rekenings, hoe lank jy al die skuld het, hoe gereeld jy jou skuld betaal en of daar vonnisse of waarskuwings teen jou is.

Jou kredietpunt word dan bereken deur die inligting (jou kredietprofiel en -geskiedenis) te gradeer deur middel van 'n puntebord. Hoe beter jou punt, hoe beter die krediet wat jy kan kry. Jy kan 'n swak punt in 'n goeie een verander deur jou kredietprofiel beter te bestuur.

Om jou kaartprofiel te bestuur kan egter heel eenvoudig wees. Hier volg 'n paar basiese stappe:

- Moenie jou balans laat ophoop nie
- Moenie jou kaart verder gebruik as jou balans van die een maand na die ander begin oorloop nie. Steek dit eerder weg, of beter nog, sny dit stukkend
- As jy in die skuld beland, moet dit nie vir ander weg steek nie. Wees liever openlik oor jou situasie en vra raad. Vir al wat jy weet het iemand dalk 'n eenvoudige oplossing vir jou probleem.
- Maak jou kredietlimiet minder. Hoeveel krediet het jy nou regtig nodig? 'n Laer limiet sal verseker dat jy minder geld uitgee.
- Moenie meer as een kaart gebruik nie. Een kaart met 'n hanteerbare kredietlimiet maak dit makliker om jou geldsake te bestuur.
- Betaal meer as wat jy moet. As jy meer as die minimum betaal, sal jy jou skuld gouer delg.
- Stel vas wat die beste aanbod is. Maak seker jy skuld die meeste geld op die kaart met die laagste rentekoers.
- As jy in die knyp is, oorweeg dit om ander beleggings te gebruik om jou skuld af te betaal. Die beste beleggingsopbrengs kan nie meeding met die hoë rente wat jy op jou kredietkaartschuld betaal nie. Gebruik eerder van jou spaargeld om die skuld af te betaal.
- Leen geld by familie en vriende. Daar is dié wat glo dat jy onder geen omstandighede by familie of vriende moet geld leen nie, maar dit kan die goedkoopste manier wees om jou uit die knyp te help.
- Sou dit by geleentheid gebeur dat jy weens omstandighede in 'n skuldstrik verval en nie al jou verpligtinge dadelike kan nakom nie, moet jy dit onmiddellik met jou skuldeisers bespreek en 'n ooreenkoms aangaan waarvolgens jy die skuld oor 'n tydperk kan aflos.
- Begroot, beplan en hou daarby. Betaal jou skuld af en vra jousef wat in die eerste plek daartoe gelei het. Was dit 'n groot huis, 'n duur motor, 'n lang vakansie, impulsiewe inkopies? Wat dit ookal is, moenie dieselfde foute herhaal nie. Doen jou finansiële beplanning en leef binne jou vermoë.

HOE VEILIG IS DIT OM MET MY KREDIETKAART INKOPIES OOR DIE INTERNET TE DOEN?

Om sake oor die internet te doen is gerieflik en vinnig, maar daar is gevare waarvoor jy op die uitkyk moet wees. Eerste Nasionale Bank (ENB) het 'n paar riglyne saamgestel.

Stel vas of die webwerf wat jy besoek legitiem en veilig is:

- Kyk of die webwerfadres korrek is en dat jy nie na 'n ander een herlei is nie. Maak seker die adres is die een wat jy self ingetik het.
- 'n Legitieme webwerf sal êrens die Verisign-seël vertoon.
- Om seker te maak dat jy in 'n veilige omgewing sake doen, kyk uit na die geslote slotjie-ikoon en na die "s" in die webwerfadres (<https://>). Maak seker dat dié besonderhede op elke nuwe bladsy verskyn, selfs nadat jy aangemeld het.

Beveilig jou toegangsbesonderhede: Hou jou gebruikers-ID en jou toegangskode geheim en verander dit gereeld. Meld ook altyd af nadat jy sake gedoen het nie en moet nooit eposse stuur met jou kredietkaartinligting nie.

Wees kieskeurig oor waarvandaan jy internetsake doen: Moet nooit sake doen van internetkafees of -stalletjies nie.

Wees kieskeurig oor die webwerwe wat jy besoek:

- Doen net sake op webwerwe van organisasies met 'n goeie en bekende reputasie
- Lees die veiligheidsbeleid van die webwerf voor jy sake doen
- Moet nooit gebruik maak van 'n skakel wat in 'n epos aan jou gestuur word nie. Tik eerder die adres (URL) self in.
- Moenie reageer op winkopies wat via epos van 'n onbekende afsender by jou uitkom nie. Maak altyd seker jy weet presies met wie jy sake doen.

Algemeen:

- Gaan jou bankstate noukeurig na en meld enige verdagte transaksies onmiddellik aan. ENB gee jou dertig dae kans om transaksies te bevraagteken.
- Wees kreatief met jou toegangskodes sodat ander mense nie maklik kan raai wat dit is nie.
- Maak seker dat jou anti-virus-sagteware gereeld opgegradeer word.

-- Barrett Whiteford, hoof van bemarking, ENB Kaart.

HOE WERK 'N KREDIETBURO?

Die krediet bedryf bestaan uit drie spelers: die verbruiker, die kredietgewer (die maatskappye wat jou elke maand vertrou om te betaal) en die kredietburo ('n onderneming wat al jou inligting op lêer hou. Dit staan bekend as jou kredietprofiel).

Kredietburo's verskaf inligting aan banke, bouverenigings, kredietverskaffers en groot winkelgroepe wat die inligting gebruik om te besluit watter soort risiko jy is en of hulle krediet aan jou sal toestaan.

Kredietgewers stuur maandeliks inligting na kredietburo's en dit word 'n getuigskrif van hoe jy jou skuld betaal.

Die inligting in jou kredietprofiel sluit onder meer in jou naam, adres, identiteitsnommer, geboortedatum, werkbesonderhede en die geskiedenis van hoe jy vorige rekeninge betaal het.

'n Kredietburo hou inligting oor goeie en slegte skuld. Wanneer iemand dus na jou geskiedenis kyk, sien hy al jou besonderhede en nie net die "swak" betalings nie.

Sowat 80% van die mense in Suid-Afrika wat kredietgeriewe gebruik, het 'n goeie kredietprofiel.

-- Manie van Schalkwyk, kredietinligtingsombudsman



Helen Ueckermann and Johan van Zyl